# Die .38 Special

“Ons almal weet mos die wêreld sou eendag sy gat sien.” Oom Jorrie se tong sleep al, maar hy beur voort soos ‘n steeks donkie. “Gelowig, ongelowig, nugter, dronk... almal! Almal, sê ek jou. Elkeen is op ‘n manier bekommerd dat die wêreld sleg gaan eindig.”

Kerneels skud maar net sy kop. “Is seker so, Oom.” In sy werk hoor hy die grootste nonsens. Hy vryf ingedagte die kroegtoonbank blink met sy lap en hang dit met geoefende hande terug aan sy belt.

Oom Jorrie trek sy asem in, maar Kerneels se skerp oog sien ‘n leë glas. Sonder om te vra stap hy nader, neem Kerneels ‘n blink nuwe glas en meng die dubbel brannas en Coke. Hy sit dit behendig voor op ‘n nuwe wit papierservet.

Hy sien verbaas dat Oom Jorrie opgestaan het en onvas op pad is na die deur. Gewoonlik moet hy hom uitgooi teen sluitingstyd. Hy neem die skuldboek en teken noukeurig aan wat Oom Jorrie gedrink het. Die ou se rekeninglysie raak darem nou te lank, hy sal hom more moet aanspreek.

“Maar weet julle wat het niemand verwag nie!” Oom Jorrie hang skuins aan die swaaideurtjie met sy linkerhand, terwyl sy regtervinger beskuldigend na hulle swaai. “Weet julle, hê?” Sy stem bulder deur die kroeg.

Almal raak stil en staar verbaas. Oom Jorrie lyk wild geskrik. Sy voorkop is nat gesweet, sy hoed sit agterstevoor en sy bene bewe onheilspellend.

Kerneels is stomgeslaan. Die ou man hou van sy voggies, maar is gewoonlik heel statig. Daar is waarlik trane in sy oë. Wat sou met hom aangaan vanaand?

“Niemand! Die wêreld se einde. Niemand het verwag dit gaan dié week wees nie.” Hy los die swaaideur en tree vorentoe. Sy stem is driftig. “En nog minder dat daai verdomde Gertjie

Deysel dit gaan veroorsaak nie!" Hy wieg onheilspellend heen en weer soos ‘n selfoon toring in stormwinde. "Nie eers Siener van Rensburg sou dit kon raai nie."

Net soos Gertjie nou maar is, verskyn hy langs Oom Jorrie in die kroeg se deur. Hy steek onseker vas. Almal staar verbaas van Gertjie na Oom Jorrie.

Uit Gertjie broeksak hang die bra se wit bandjie soos gewoonlik.

Oom Jorrie swaai na hom. Hy trek sy gebalde vuis terug. "Jou klein bliksem... jou uitvindsels... ek donder jou sommer pap."

Voor Kerneels kan inmeng, verstar Oom Jorrie. Sy oë tol om dat jy net wit kan sien. Na wat soos ‘n ewigheid voel val hy agteroor soos ‘n boom wat afgekap is.

***

"Is Oom Jorrie OK?" Peet die polisieman kyk nuuskierig na Kerneels. "Dit was omtrent ‘n storie laas nag."

"Dok se hy sal reg wees." Kerneels frons en vryf bekommerd oor sy hare. "Blykbaar skok of iets."

"Dis nou vir jou ‘n ding." Kallie lag lekker uit sy groot maag. "Jy moes gesien het, ou Piet. Hy was heeltemal van sy kop af."

"Regtig? Die ou man? Hy is altyd so bedees en hoflik."

"En dis nie die beste deel nie!" Kallie lag nou so hard, hy sukkel om te praat. "Hy het net sy hele toespraak gelewer." Hy buk vooroor en klap rooi in die gesig met sy hand op die toonbank. "Hy het skaars Gertjie Deysel se naam genoem. Toe loop die mannetjie heel onskuldig die kroeg binne."

"Net so, man." Beaam nog ‘n drinkebroer. "Dis mos maar tipies van daai verstrooide mannetjie."

Die hele kroeg is in rep en roer. Almal vertel staaltjies oor Gertjie Deysel. Sy uitvindsels en plannetjies. Die rampe en opskuddings wat hy al veroorsaak het.

Kerneels moet bontstaan met die drankies. Hy kan maar net sy kop skud. Hy gaan vandag ‘n rekord aantal vuil brandewyne verkoop as dit so aangaan. Alles oor ou Gertjie - wat soos gewoonlik glad nie besef wat hy nou weer veroorsaak het nie.

“Vertel vir ons weer die storie oor sy .38 Special, Kerneels.”

Kerneels glimlag. Hy hou van Gertjie, maar dit is ‘n goeie storie.

“Dit het alles begin met daai vlieëplaag hier op die dorp. Julle onthou die vuilgoed was orals. Ook hier in die kroeg.” Almal knik gretig. “Wel, Gertjie sit toe rustig hier, drink sy Coke en teken prentjies op die wit servet. Diep ingedagte, met sy tong wat so skuins uitsteek. Julle weet mos.”

Die kroeg dreun van die lag.

“Hy wys my die prentjie. Ek kon nie regtig kop of stert uitmaak nie.” Almal knik. Hulle ken Gertjie se ontwerpe. “Hy is toe hier uit soos ‘n pyl uit ‘n boog. Later die middag kom hy weer terug, uitvindsel in die sak. Ek kyk die spul so, maar laat hom begaan.”

Kerneels neem ‘n diep teug uit sy eie bier. Almal kyk hom met afwagting aan. Hy laat die spanning opbou.

“Ek sien toe hy waai nie die vlieë weg nie. Hy sprinkels selfs van sy Coke hier op die toonbank langs hom. Om hulle te lok. Die toonbank sit later amper pikswart van die goed.”

Hulle hang aan sy lippe.

“Hy haal toe die uitvindsel uit. Ek kon my oë nie glo nie. Hy het sy ma se bra gaan steel, ‘n handvatsel prakseer aan die een kant met die bra se ondersteunings draadjies en die twee... hoe sal ek nou dit noem... die gewigdraende gedeeltes aanmekaar gewerk.”

“Hy rek daai bra uit soos ‘n kettie.” Kerneels wys met sy hande. “En laat waai.” Hy klap sy hande hard op mekaar. “Met ‘n helse slag tref hy die toonbank. Dertig vlieë dood!”

Die manne hang aan mekaar soos hulle lag. Na ‘n rukkie bedaar hulle effens. Hulle klap mekaar op die skouer. Hy wag geduldig.

“En julle weet mos wat het hy sy patent genoem.” Hulle kyk hom afwagtend aan. “Die bra van Tant Stienie is mos ‘n Agt en Dertig Dubbel-D. Hy noem dit sy ‘Tietklap .38 Special’. Hy gaan nou mos nêrens sonder daai uitvindsel nie.”

Nou is daar nie meer keer nie. Kerneels glimlag ingenome. Vanaand gaan die manne laat kuier.

***

Kerneels stap voor werk na die blou huisie op die dorp se buitewyke. Sedert die insident met Oom Jorrie het hy nie weer vir Gertjie gesien nie. Dit maak hom bekommerd. Jy kan gewoonlik jou horlosie op Gertjie stel wat elke middag sy Coke kom drink. Kerneels het die Tannie belowe om ‘n ogie oor die outjie te hou.

By die blou huisie loop hy ouderwets om na die kamertjie aan die agterkant. Hy stop in sy spore. Op die dorre agterplaas is ‘n groot geroeste satellietskottel opgerig, die ding is so omtrent so groot soos ‘n kleinerige sementdam. Dik kabels is gekoppel aan die sonpanele bo-op die huis se dak.

Hy hoor stemme uit die kamertjie. Hy loop saggies na die deur en probeer luister. Dit klink soos mense wat in tale praat soos by sy suster se simpel kerk. Dan word dit doodstil. Die deur swaai skielik oop. Hy tree skuldig terug, maar Gertjie verskyn met ‘n groot glimlag.

“Hallo, Kerneels.” Hy draai om en roep na binne. “Toemaar, dis net Kerneels. Hy is ‘n vriend.”

“Waar kry jy al die goed?” Kerneels beduie na die satellietskottel, kabels en sonpanele. “Werk dit alles? Waarmee is jy nou al weer besig?”

“By daai ou Telkom stasie buite die dorp. Dit is al hoe lank verlate. Die goed sit net daar en roes. Toe gaan haal ek vir my wat ek soek en kry alles weer aan die werk.” Gertjie kink ingenome. “Dit was moeilik, maar met die internet kan jy deesdae omtrent enigiets regmaak. Ek noem dit my BRR 2031. Die Buitenste Ruimte Radio en dis mos 2031.”

Kerneels lig sy hand moeg op. “Ek moet by die werk kom, wou net sien of alles OK is.” Uit ondervinding weet hy jy moet Gertjie vinnig stop as hy eers een van sy idees begin verduidelik. “Wanneer kom drink jy weer ‘n koeldrank?”

“Ek sal vanmiddag kom. As ek eers klaar is met die onderhandelinge.”

Kerneels frons en wil uitvra, maar bedink homself. Hy draai om en begin wegloop, maar Gertjie se opgewonde stem volg hom.

“Die sterre mense. Hulle het my gekies om te help. Jy weet, soos om ons mense se ambassadeur te wees.” Gertjie trap so bietjie rond. “Ek dink ek vorder goed met hulle. Ons is al amper vriende.”

Kerneels voel hoe die haartjies rys in sy nek. Hy druk verby Gertjie en loer in by die kamerdeur. Hy kyk mooi rond, maar alles lyk onder beheer. Die rekenaar skerm is donker, die kamer deurmekaar soos gewoonlik, maar hy sien niks buitengewoon nie.

“En waar is die sterre mense nogal?”

“Nee man, net ek kan hulle sien en hoor.” Gertjie se gesig gloei soos ‘n dowwe gloeilamp. Die outjie is omtrent opgewonde. “Hulle wil alles weet van ons. En die beste van alles, ek ken mos van. Wat ek nie weet nie, soek ek op die internet. Hulle belowe as hulle kom gaan ek ‘n groot beloning kry.”

“En net jy kan hulle hoor? Nie NASA of Sutherland nie, ook nie die Russe nie. Net jy?”

“Dis reg.” Gertjie lyk of hy gaan opstyg van opgewondenheid. “Jy sal nie raai nie. Hulle lyk nie soos ons nie. Meer soos miere. En hulle ruimtetuie lyk soos groot sonbesies. Rooi met geel kolle.”

Kerneels vryf moeg oor sy gesig. Gertjie gaan hom nog gek maak.

“Sorg jy net dat jy later vandag ‘n koeldrankie kom drink soos altyd. Ek kan my nie so oor jou bekommer nie. OK?”

Hy draai om en loop vinnig weg. Voor Gertjie weer met sy lawwigheid kan voortgaan.

***

Die kroeg is verbasend leeg. In die een punt van die kroegtoonbank sit ‘n bleek Oom Jorrie en slaan die een dubbel na die ander weg. Hy onderbreek net sy elmboog oplig tempo as hy gluur na Gertjie wat argeloos aan die ander kant van die kroeg sit en teug aan sy koeldrank.

Gertjie lyk soos ‘n kat wat room gekry het. Prewel elke nou en dan iets oor die wonderlike uitvindsels wat hy gaan bou met sy eie laboratorium.

Kerneels frons en vee oudergewoonte oor die toonbank. Iets pla hom al heelmiddag. Hy kan net nie sy vinger op dit sit nie. Soos ‘n jeuk plek wat jy nie kan bykom nie.

Na hy weer Oom Jorrie se drankie volgemaak het, tref dit hom. Gertjie het nie sy ‘.38 Special’ by hom nie. Daar sit heelwat vlieë naby hom wat hy heeltemal ignoreer. Dit is baie vreemd.

Kerneels wil nog daaroor uitvra, maar agter hom hoor hy ‘n aaklige geroggel. Hy draai vinnig om. Oom Jorrie lyk of hy ‘n beroerte kry. Hy kry nie ‘n woord uit nie. Net ‘n streep spoeg loop uit sy oop mond. Sy oë is vasgenael op die kroeg se TV in die hoek.

Op die TV skerm sien Kerneels die president. Die man lyk erg ontstig. Hy lees die onderskrifte.

*Ruimtetuie. Vleisetende miere. Op pad na die aarde. Beweer die aarde en al die inwoners is aan hulle verkoop. Hulle is honger.*

‘n Foto van ‘n ruimtetuig verskyn langs die president op die skerm. Rooi, rond en met geel kolle. Gertjie was reg, dit lyk omtrent soos ‘n sonbesie.